

Mei 2009

Meganiese integriteit



1



2



3



4

'n Drukhouer met saamgepersde lug het gefaal. Die bodem van die tenk is weggeskiet (1) en 'n stuk skrapnel het 'n gat deur die betonmuur gemaak (2). Dit blyk uit die ondersoek dat daar verskeie ernstige probleme met die toestand van die drukhouer was. Daar was ernstige korrosie en roes aan die bodem van die houer waar dit geskeur het (3) en daar was tekens van halfhartige sveisherstelwerk (4). Hoewel die swak sveisherstelwerk nie bygedra het tot die incident nie, is dit 'n simptoom van onbehoorlike instandhouding en inspeksie, en dit kon veroorsaak het dat die drukhouer faal. Gelukkig was daar niemand naby toe die tenk gefaal het nie, en is niemand besoer nie.

Wat kan ek doen?

- Wees oplettend wanneer jy deur jou aanleg loop. Bestudeer pype en toerusting en rapporteer tekens van korrosie of onbehoorlike instandhouding. Sluit die visuele inspeksie van pype, tenks, drukhouders en ander toerusting in by roetine veiligheidsinspeksies. Volg op en maak seker dat probleme reggestel word.
- Verstaan die toerustinginspeksies en instandhoudingsprogramme van jou aanleg, en ook jou rol om te verseker dat alles gedoen word volgens die vereistes.
- As meganiese herstelwerk aan toerusting gedoen word waar dit nodig is om die isolasie te verwijder, gebruik die geleentheid om na die toestand van die toerusting onder die isolasie te kyk. Rapporteer korrosie of ander probleme wat jy raaksien. Korrosie onder isolasie is gewoonlik weggesteek, maar werk wat vereis dat die isolasie verwijder word skep 'n geleentheid om die toerusting deeglik te inspekteer.
- Maak seker dat sveiswerk en ander herstelwerk gedoen word volgens bepaalde standaarde, inlyn met die oorspronklike ontwerpsspesifikasies van die toerusting.
- Maak seker dat drukhouders ingesluit word in die meganiese integriteitsinspeksieprogram van die aanleg. Drukhouers sluit draagbare houers en houers wat deel is van 'n eenheid in (byvoorbeeld, kompressors, verkillers, druklugsisteme, ens.). Maak seker dat die inspeksies gedoen word deur gekwalifiseerde drukhouerinspekteurs. Die inspeksie mag 'n interne inspeksie vir korrosie op 'n gereelde basis insluit.
- Maak seker lugdrukhouers en ander draagbare gassilinders word in droë plekke gestoor om eksterne roes en korrosie te voorkom.

Moenie kanse vat met beskadigde of gekorrodeerde toerusting!